

HOGLIED

1. Die naam van die boek

Die Hebreeuse naam vir die boek is Lied van die Liedere. Dit beteken dat dit 'n lied in die oortreffende trap is. Dit is dus die mooiste lied van alle liedere.

Die soort uitdrukking kom meermale in die Hebreeuse Bybel voor, byvoorbeeld:

. . . sê hy: Vervloek is Kanaän! 'n Kneg van die knegte moet hy wees vir sy broers. (Genesis 9:25 AFR53)

En jy moet die voorhangsel onder die hakies ophang; en bring die ark van die Getuienis daar, binnekant die voorhangsel. En die voorhangsel moet vir julle 'n skeiding maak tussen die Heilige en die Allerheiligste. (Letterlik: die heilige der heilige) (Eksodus 26:33 AFR53)

Want die Here julle God is die God van die gode en die HERE van die here; die grote, magtige en gedugte God wat die persoon nie aansien en geen geskenk aanneem nie; (Deuteronomium 10:17 AFR53)

Maar sou God werklik op die aarde woon? Kyk, die hemel, ja, die hoogste hemel (Letterlik: die hemel der hemele) kan U nie bevat nie, hoeveel minder hierdie huis wat ek gebou het. (1 Konings 8:27 AFR53)

Want so sê die Here Here: Kyk, Ek laat Nebukadrésar, die koning van Babel, die koning van die konings, van die noorde af teen Tirus kom, met perde en strydwaens en ruiters en 'n menigte en baie mense. (Esegiël 26:7 AFR53)

Die naam wat ons ken – Hooglied – is deur Martin Luther uitgedink. Dit is deur die Hollandse Statevertalers oorgeneem en langs daardie pad ook in Afrikaans oorgeneem.

2. Die skrywer

Dis nie so maklik om uit die Hebreeuse grammatika uit te maak wie die skrywer van die lied is nie. Die konstruksie wat daar staan, beteken gewoonlik dat dit die persoon is wat die betrokke brief/psalm geskryf het. Maar dit beteken feitlik net so baie kere dat die inhoud van die geskrif oor iemand gaan.

Daarom kan die inleiding beteken dat Salomo die Lied der Liedere geskryf het, maar dit kan ook beteken dat die leser daaraan moet aandag gee dat hierdie lied juis oor Salomo handel.

Dit kan dan verklaar waarom hoofstuk 1:5 verwys na die gordyne van Salomo en hoofstuk 3:6-11 na die bruidstoet van Salomo. Hoofstuk 8:11 vertel dat Salomo 'n wingerd gehad het in Baäl-Hamon. In hoofstuk 8:12 word met Salomo gepraat.

Die slotsom waartoe baie Skrifverklaarders kom, is dat Salomo dus nie die skrywer van Hooglied is nie, en dat die skrywer onbekend is.

Dis nie vreemd dat ons nie weet wie sekere Bybelboeke geskryf het nie. Voorbeelde waar ons nie boeke se skrywers ken nie, is die twee boeke van Samuel; die twee boeke Konings en die twee boeke Kronieke. Dieselfde geld van Job, Rut en Ester.

3. Die inhoud van die boek

Die boek Hooglied bestaan uit agt hoofstukke.

Dit het 'n baie moeilike struktuur – so moeilik dat dit soms die leser verwar.

Daar is verskillende karakters of persoonlikhede wat aan die woord kom in hierdie lang liriese gedig. In die meeste Bybelvertalings kom die sprekers baie abrupt aan die woord sonder enige identifikasie van die spreker (of 'n aanduiding dat daar nou 'n ander spreker aan die woord is).

Die NKJV het probeer om hierdie probleem te onderskep deur invoegings in die teks te maak wat aandui dat daar nou 'n ander verteller/spreker aan die woord is en ook wie die betrokke verteller/spreker is. Dit is nie korrekte vertaalkunde nie, maar dit help ten minste die leser om die inhoud van die boek beter te kan volg.

Daar is hoofsaaklik drie hoofgroepe aan die woord in die gedig:

- *Die bruidegom: koning Salomo*
- *Die bruid: 'n meisie wat die Sunamitiese genoem word (6:13)*
- *Die dogters van Jerusalem (2:7)*

Dan word daar in hoofstuk 8:8-9 ook nog na *die broers van die Sunamitiese meisie verwys*.

Die vrouekoor (dogters van Sion) is inderdaad bedoel as 'n koor wat die sentimente van die Sunamitiese meisie met eggo – naamlik haar liefde en aangetrokkenheid tot Salomo.

4. Die boek Hooglied kan soos volg ingedeel word:

Daar is twee hoofdele:

- **Die begin van die liefde**
 - Raak verlief
 - Die bruid se verlange na liefdevolle aandag
 - Uitdrukkings van wedersydse liefde
 - Die koning besoek die bruid se huis
 - Die bruid se droom van skeiding
 - Verenig in liefde
 - Huweliksprosesse
 - Die bruid se skoonheid
 - Die huwelik word voltrek
- **Die liefde verbreed**
 - Worsteling in die liefde
 - Bruid se tweede droom van skeiding
 - Die bruidegom se aantreklikheid word besing
 - Die bruid se skoonheid word besing
 - Die liefde groei
 - Die bruid se begeerte om weer haar tuiste (huis) te besoek
 - Die reis en die tuiskoms.

5. Die verstaan van die boek

Die boek Hooglied word baie verskillend verstaan en verskillend ingedeel.

- **Allegoriese verklaring**

Volgens hierdie verklaringswyse is die bruid die volk Israel en die bruidegom die Here, die God van Israel. Die hele boek word dan verstaan as 'n gesprek tussen die kerk en die Here Jesus.

Die probleem is net dat die boek Hooglied hom nie as 'n allegorie aanbied nie, en dat die allegoriese lyne dikwels vasdraai. Al sou mens sekere gedeeltes in 'n mate allegories kon verklaar, kan die boek in sy geheel nie allegories verklaar word nie.

Veral van die nuwere Rooms-Katolieke teoloë staan hierdie verklaringswyse voor.

- **Dramatiese verklaring**

Die volgende metode is die dramatiese verklaringsmetode. Dié standpunt verklaar die boek Hooglied so dat die koning 'n meisie van die platteland teen haar sin na sy paleis toe geneem het. Daar het die arme kind teen alle

toenadering van Salomo standvastig weerstand gebied.

Die rede daarvoor sou dan wees dat sy getrou gebly het aan 'n jongman van die platteland aan wie sy verloof sou wees.

Uiteindelik het die koning sy vergeefse pogings opgegee en haar na haar ouerhuis toe laat teruggaan, waar sy en haar verloofde gelukkig weer herenig word.

Dié metode het ook baie probleme, want nêrens kla die meisie dat sy ontvoer is nie. Inteendeel, sy “verheug haar” dikwels.

Dié metode is uiteindelik ook onaanvaarbaar.

- **Tekstuele verklaring**

Volgens hierdie verklaarmetode moet die inhoud van die boek verklaar word soos wat dit daar staan. Dit gaan oor werklike en egte liefde tussen twee mense soos dit in hulle hele lewe (die seksuele ingesluit) sy beslag kry. Natuurlik vloei daaruit lyne verder wat meer dinge blootlê, soos byvoorbeeld die verhouding tussen God en sy kerk wat 'n baie parallelle verhouding is. Vergelyk die volgende Bybelgedeeltes

nie soos die verbond wat Ek met hulle vaders gesluit het op dié dag toe Ek hulle hand gegryp het om hulle uit Egipteland uit te lei nie – my verbond wat hulle verbreek het, alhoewel Ék gebieder oor hulle was, spreek die HERE. (Jeremia 31:32 AFR53)

Vroue, wees aan julle eie mans onderdanig, soos aan die Here. Want die man is die hoof van die vrou, soos Christus ook Hoof is van die gemeente; en Hy is die Verlosser van die liggaam. Maar soos die gemeente aan Christus onderdanig is, so moet die vrou dit ook in alles aan hul eie mans wees. Manne, julle moet jul eie vroue liefhê, soos Christus ook die gemeente liefgehad en Homself daarvoor oorgegee het om dit te heilig, nadat Hy dit gereinig het met die waterbad deur die woord, sodat Hy die gemeente voor Hom kon stel, verheerlik, sonder vlek of rimpel of iets dergeliks; maar dat dit heilig en sonder gebrek sou wees. (Efesiërs 5:22-27 AFR53)

Laat ons bly wees en ons verheug en aan Hom die heerlijkheid gee, want die bruilof van die Lam het gekom en sy vrou het haar gereed gemaak. En aan haar is gegee om bekleed te wees met rein en blink fyn linne, want die fyn linne is die regverdige dade van die heiliges. Toe sê hy vir my: Skryf salig is die wat genooi is na die bruilofsmaal van die Lam. En hy sê vir my: Dit is die waaragtige woorde van God. (Openbaring 19:7-9 AFR53)

Mens sou tereg kon vra hoe Salomo met sy groot harem hierdie geweldige liefde vir een spesifieke vrou sou kon hê?

- Waarskynlik was hierdie huwelik van Salomo met die Sunamitiese vrou die enigste huwelik van ware liefde wat Salomo geken het.
- Die ander huwelike van Salomo het tot stand gekom op grond van verdrae wat gesluit was – hierdie een nie.
- Al Salomo se ander vrouens was van adellike afkoms en kultureel hoogs ontwikkel – hierdie Sunamitiese vrou was onontwikkeld.
 - Die Sunamitiese vrou was 'n laeklas wingerdwerkster wat bruin gebrand was van al die blootstelling aan die son.
 - Tog is sy die bruid van wie die koning verklaar: **Hoe skoon is u liefde, my susterbruid, hoeveel beter is u liefde as wyn en die geur van u self as al die speserye!** (Hooglied 4:10 AFR53)

6. Die Sunamitiese meisie

Daar bestaan die moontlikheid dat Hooglied geskryf is oor die verhouding tussen Salomo en die Sunamitiese meisietjie wat Dawid opgepas het.

- Hulle was omtrent ewe oud. Hulle het 'n hele tyd in die paleis saam gewoon en mekaar dus goed geken.

- Hy het waarskynlik die hele “soekproses” (ten minste van die kantlyn af) meegemaak toe sy uitgesoek is om paleis toe te kom.
- Waarom is Salomo so jaloers op haar dat hy Adonia dadelik laat doodmaak toe hy haar as vrou wou hê?

1 Konings 1:3:

Hulle het toe in die hele grondgebied van Israel 'n mooi meisie gesoek en Abísag, die Sunamitiese, gevind en haar by die koning gebring.

1 Konings 1:15:

Daarop het Bátseba ingegaan na die koning in die kamer, terwyl die koning baie oud was en Abísag, die Sunamitiese, die koning bedien.

1 Konings 2:17:

Toe sê hy: Spreek tog met koning Salomo, want hy sal u nie afwys nie, dat hy Abísag, die Sunamitiese, aan my as vrou moet gee.

1 Konings 2:21:

En sy sê: Laat Abísag, die Sunamitiese, aan u broer Adónia as vrou gegee word.

1 Konings 2:22:

Daarop antwoord koning Salomo en sê aan sy moeder: Maar waarom vra u Abísag, die Sunamitiese, vir Adónia? Vra ook die koningskap vir hom, want hy is my broer wat ouer is as ek, ja, vir hom en vir Abjatar, die priester, en vir Joab, die seun van Serúja!

Hooglied 6:13:

Kom terug, kom terug, Sulamitiese, kom terug, kom terug, dat ons u kan aansien. Wat sien julle aan die Sulamitiese? Iets soos die koordans van Mahanáim.

Bellville

November 2004